

Engele in die Hemel – Francois Malan

Leser vra:

Sien Engele om na babas in die hemel?

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

Ons weet nie wat die ewige lewe in die hemel alles behels nie, behalwe dat dit veel veel anders sal wees as wat ons dit vir ons kan voorstel. Paulus sê in 1 Korinthiërs 15:42-44, met die opstanding van die dooies sal dit soos volg wees:

Wat gesaai word in verganklkheid, word opgewek in onsterflikheid;

wat gesaai word in oneer, word opgewek in heerlkiheid;

wat gesaai word in swakheid, word opgewek met krag.

Wat gesaai word, is 'n
natuurlike menslike liggaam;

wat opgewek word, 'n
geestelike liggaam.

Die verse wat volg (1 Korinithiërs
15:44-54) verduidelik dat ons aardse mense die beeld van Adam
dra, wat die Here
uit die stof van die aarde gemaak en sy gees daarin geblaas
het sodat ons
stoflike liggame lewe totdat die Here die lewe wat Hy aan
elkeen van ons gegee
het uit ons stoflike liggaam wegneem met ons dood.

Maar Jesus Christus het die
lewendmakende Gees geword met sy opstanding uit die dood. En
elkeen wat aan Hom
verbind is kry 'n geestelike liggaam wat soos Jesus se
opgestane liggaam gaan
wees, wat nie meer aan tyd en ruimte gebonde is nie.

Met ons dood gaan ons gees na Hom
toe in die hemel, tot sy wederkoms wanneer ons stoflike
liggame met ons
geestelike liggaam vir ewig verenig word, onverganklik en
onsterflik.

'n Babatjie wat sterf se liggaam
word wel begrawe. Maar die gees wat die Here aan die baba van
sy/haar konsepie
af reeds voor geboorte gegee het om te kan lewe, gaan met die

dood by die Here

Jesus wees, sê Paulus in Filippense 1:20-23, toe hy in gevangenis was en wag om voor die keiser van Rome verhoor te word:

Dit is immers my innige verwagting en hoop dat ek nie in enige opsig beskaam sal word nie – inteendeel, dat met alle vrymoedigheid Christus ook nou, soos altyd, deur my liggaam verheerlik sal word, of dit nou deur my lewe of deur my dood is. Want vir my is om te leef Christus, en om te sterf wins, maar as ek liggaamlik bly leef, beteken dit dat ek nog verder vrugbaar sal werk. Ek weet werklik nie wat om te kies nie. Ek is in 'n tweestryd gewikkel. Aan die een kant verlang ek om heen te gaan en **saam met Christus te wees**. Dit is immers verreweg die beste. Aan die ander kant is dit ter wille van julle, gemeente in Filippi en in ander gemeentes, noodsaakliker dat ek liggaamlik hier bly.

Babatjies se gees word in die hemel

ontvang as volle mense. Eintlik het Jesus gesê ons **sal soos die engele wees**, wat nie versorging nodig het nie, maar sal volwaardige dienaars van God wees. Lukas 20:36

'Hulle kan nie meer sterf nie, want hulle is soos engele en kinders van God, omdat hulle aan die opstanding van sy Seun deel het.'

Van die engele sê Ps 103:20 hulle

is **sterk helde** wat die Here se woord uitvoer en sy bevel gehoorsaam.

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Engele en Serafs – Francois Malan

Bianca vra:

Waar in die Bybel staan dit waar Lucifer as die engel van musiek en lig saam met God geheers het?

En die Serafs saam met hom in die troonkamer heers.

Antwoord

Prof. Francois Malan antwoord:

Lucifer is die Latynse naam vir die môrester. Die Romeine het die môrester Lucifer en die aandster Hesperus genoem. Sedert die vierde eeu v.C. was dit bekend dat die twee dieselfde planeet is wat toe Venus genoem is oor die mooiheid van die ster. Venus was die ou Italiaanse godin van tuine en lentebloem, en later ook van liefde en skoonheid.

In Openbaring 2:28 word na die môrester verwys, maar die name Lucifer en Venus kom glad nie in die Bybel voor nie, nie in die Griekse of Latynse of Afrikaanse Bybels nie, aangesien die name ook aan die Griekse en Romeinse afgode verbind is. Die Bybels verwys net na 'die ster van die môre,' as die gawe van God die Vader aan die gelowiges in die stad Tiatire as hulle oorwin oor die versoekings van onsedelikheid en van die afgode. Die hemelse heerlikheid word vergelyk met die skitterlig van die môrester, en die lewens van die gelowiges wat oorwin sal in hulle omgewing wees soos die môrester (vgl.

ook Daniël 12:3: 'Die wat baie mense op die regte pad geleid het, sal vir altyd skitter soos die sterre.')

Die beeld van die môrester verwys waarskynlik terug na die seën wat die Here die profeet Bileam oor Israel laat uitspreek het. Israel was besig om deur die land van Moab te trek uit Egipte na Kanaän. In Numeri 24:17 staan: 'Daar kom 'n ster uit Jakob, daar staan 'n heerser op uit Israel wat die kop van Moab sal vermorsel en al die opstandiges sal vernietig.' Die ster uit Jakob word in die Nuwe Testament se Openbaring gesien as 'n voorspelling van die wederkoms van die Here Jesus om te oordeel oor die opstandiges wat nie in Hom glo nie, en om ewig by die gelowiges te bly as hulle Verlosser. Ook by sy eerste koms het die sterrekyker uit die Ooste gekom om aan Hom hulde te bewys (Matteus 2:1-2).

In Openbaring 22:16 word die helder môrester gesien as die aankondiging dat die dag gaan aanbreek. So sê Jesus dat Hy die blink môrester is wat aankondig dat die dag van die ewige heerlijkheid kom.

Die Bybel gebruik egter nooit die naam Lucifer nie, maar praat slegs van die môrester, sonder die konnotasie met die Romeinse Lucifer wat die Romeine as die God van mag en sterkte aanbid het.

Die verwysing na die serafs kom slegs in die roepingsvisioen van Jesaja voor, in Jesaja 6:2,6. Die Hebreuse woord *saraf* beteken 'om te brand.' Die hemelse wesens wat die troon van God omring in Jesaja se visioen se een taak is om die heiligheid van God uit te roep. 'Die serafs het mekaar telkens toegeroep: Heilig, Heilig, Heilig is die HERE die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid.' Met twee van hulle vlerke het hulle hulle gesig bedek om God nie te aanskou nie, met twee van hulle voete bedek om nie aan God te raak of naak voor Hom te verskyn nie, en met twee het hulle gevlieg om die boodskap van God se heiligheid te gaan verkondig. Met 'n brandende kool vuur het hulle Jesaja se mond

aangeraak en hom gereinig om God se boodskapper teen sy volk se sondes te wees.

Daar is geen sprake daarvan dat die serafs saam met God heers nie. Hulle verkondig slegs God se heiligheid, wat die hele skepping met sy heilige teenwoordigheid regeer, en mense in sy diens neem, soos vir Jesaja, om die boodskap van God se heiligheid oor te dra.

Skrywer: [Prof Francois Malan.](#)

Engele – Francois Malan

Henk vra:

Het engele verskyn in fisiese liggame in die Bybel? Verskyn hulle vandag steeds? Die 3 mans wat aan Abraham verskyn en saam geeet het-was die een God self?

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

In Genesis 3:24 word reeds van gerubs gepraat wat as wagters die tuin moet bewaak. In Genesis 16:7,9-11 word vir die eerste van 58 keer in die Ou Testament van die 'Engel van die Here' gepraat, wat na Hagar toe gekom het. Hagar het die Here wat met haar gepraat het aangeroop en gesê: U is die God wat my sien, hier het ek Hom gesien wat my gesien het (Gen 16:13-14). Vir haar het die Here self in die gestalte van 'n man daar in die woestyn na haar toe gekom. Maar nadat Hy met haar gepraat het, het sy geweet dat dit God is wat met haar gepraat het. Die term 'Engel van God' kom ook 11 keer in die Ou Testament voor.

Die Ou Testament se oorspronklike Hebreeuse woord vir engel is **mal'ak**, wat 'boodskapper' beteken. So beteken die Nuwe Testament se oorspronklike weergawe in Grieks se woord *angelos* ook 'boodskapper.' Engele kom dikwels in die Ou en Nuwe Testament voor, wat egter nie altyd in menslike gestalte verskyn nie, vgl. bv. die hemelse skare wat aan die skaapwagters die tyding van Jesus se geboorte gebring het (Luk 2:9-13).

Die engel bring die boodskap aan Maria dat sy 'n seun sal kry en dat sy Hom Jesus moet noem (Luk 1:26-38). Hy het as 'n sigbare man met haar gepraat.

In Rigters 13:3,6,8,10 verskyn die Engel van die Here aan die vrou van Manoag in die fisiese gestalte van 'n man.

In Eksodus 33:11 word gesê dat die Here direk met Moses gepraat het soos 'n man met sy vriend.

Twee van die drie mans wat in fisiese liggame deur Abraham genooi is om by hom te rus en saam met hom te eet (Gen 18:1,22), word 'engele' genoem in Gen 19:1,15,21. In Gen 18:1-2 word gesê dat die Here aan Abraham verskyn het, in die gestalte van een van die drie mans. In Gen 18:13,14,17,19,20,22,26,29,33 word Hy 'die Here' genoem.

Die Naam 'Here' is in Hebreeus: Jahweh, die 'Ek is,' wat altyd aktief teenwoordig is. Dit is die verbondsnaam wat die Here aan Moses bekendgemaak het by die braambos wat nie uitgebrand het nie. Die Here het vir Moses gesê dat Jahweh die Naam is waarmee Hy aangeroop moet word. In Grieks is Jahweh, soos die Hebreeuse Adonai met *kurios* 'here, meneer' vertaal. Daarom is Jahweh en adonai in Afrikaans met Here vertaal. Hy is die God wat sy verbond met Abraham, Isak en Jakob en hulle nageslag gemaak het (Eks 3:13-15).

Die Markus-Evangelie wat waarskynlik eerste geskryf is, ongeveer 30 jaar na Jesus se dood, en veral die getuienis van Petrus opgeteken het, vertel dat die vrou wat die Sondagmôre

na die graf van Jesus toe is, 'n jongman met wit klere, aan die regterkant van die geopende graf gesien sit het, wat vir hulle vertel het dat Jesus opgestaan het uit die dood (Mark 16:2-6). Lukas, wat Markus en ander skrywers as bronne gebruik het, vertel van twee mans met glansende klere (Luk 24:4). Matteus, wat ook van Markus gebruik gemaak het en vir die Joodse Christene verduidelik wat daar gebeur het, sê dat daar 'n engel met 'n voorkoms soos weerlig en klere so wit soos sneeu uit die hemel neergedaal het, die steen voor die graf weggerol het en daarop gaan sit het, en vir die vroue gesê het dat Jesus opgewek is (Matt 28:2-3). Dit was waarskynlik 'n engel in menslike gestalte wat die boodskap van Jesus se opstanding aan die vroue kom vertel het.

'n Engel van die Here bevry vir Petrus uit die tronk en eers as hulle in die straat kom en die engel verdwyn besef Petrus dat dit 'n engel was (Hand 12:6-11). Deurgaans het hy gedink hy droom dat 'n man hom bevry.

Verskyn engele nog steeds vandag? Engele word slegs deur God gestuur om sy boodskap aan die mense oor te dra wanneer God besluit om van 'n engel gebruik te maak. Meestal word God se boodskap deur sy Gees na mense en in mense gebring. Die Gees oortuig mense deur God en Jesus se woord in die Bybel en in die prediking en in die getuienis van mense aan mense, ook deur omstandighede en direkte ingrypings van die Here. Maar as Hy besluit om 'n engel in die vorm van 'n mens te gebruik, doen Hy dit. Dit is egter absoluut God se besluit hoe en waar en wanneer Hy dink dat dit nodig is en dit wil doen, vgl. egter Jesus se woorde in sy gelykenis van die ryk man en Lasarus in Lukas 16:31 oor die genoegsaamheid van die Bybel om mense te oortuig.

In Johannes 14 16-17,26 belowe Jesus dat die Heilige Gees in ons sal kom bly om ons te leer en te lei. In Joh 14:23 sê Jesus: 'As iemand My liefhet, sal hy ter harte neem wat Ek sê, en my Vader sal hom liefhê en Ons sal na hom toe kom en by hom woon.' Met God wat self in ons kom woon het, is dit nie nodig

dat 'n engel na ons toe gestuur word om God se se boodskap aan ons te bring nie. Maar as die Here dit nodig ag om in die gestalte van 'n mens ons in 'n noodsituasie by te staan, is Hy vry om selfs 'n engel te stuur. Meestal stuur Hy een van sy gelowiges om so iemand by te staan. In Jeremia 31:33 het die Here reeds beloof: 'Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagtes vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.'

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

Geseënd is jy – Francois Malan

Yolandi vra:

Ek hoop julle kan my help. Ek het onlangs 'n booskap deur my tannie van die Here af gekry vir my."Geseënd is jy onder die nasies"

Ek het probeer om dit op te soek om te sien wat dit beteken, maar ek kom nie reg nie. My tannie het ook vir my gese dit was deur 'n Engel aan 'n baie spesiale vrou gesê. Kan julle my asb help?

Antwoord

Prof Francois Malan antwoord:

Ek reken die aanhaling is nie heeltemal korrek nie. Die naaste wat aan die nasies kom, word in Jesaja 19:25 genoem, dat drie volke geseënd sal wees as hulle tot bekering kom – Egipte, Assirië en Israel. Daarna is Israel in ballingskap na Assirië omdat hulle hulle nie bekeer het nie, en later is Assirië

verwoes omdat hulle so wreed was in hulle oorloë. Egipte is ook deur ander volke oorwin.

Moontlik verwys jy na Johannes die Doper se ma, Elizabet se uitroep toe Maria haar besoek en gegroet het in Lukas 1:42:

‘Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug van jou moederskoot!’

Die Griekse voltooide deelwoord wat gebruik word vir ‘geseënd’ is ‘n gebed tot God om sy genade wat Hy reeds aan Maria en haar ongebore baba bewys het, te laat voortduur.

‘n Vrou uit die skare het dit ook eendag vir Jesus gesê (Lukas 11:27-28):

‘Geseënd is die moederskoot wat U gedra het en die borste wat U gevoed het’

Jesus se antwoord op haar sentimentele kompliment was:

‘Geseëndes is hulle wat die woord van God hoor en dit onderhou.’

Maria is geseënd omdat God haar gekies het vir ‘n baie spesiale diens aan Hom, en dat sy die wonderlike belofte ontvang het dat die Heilige Gees oor haar sal kom en die krag van Allerhoogste haar sal oorskadu. Daarom sal die kind wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God (Lukas 1:35). Maria is geseënd omdat sy geglo het dat die woorde van die Here vervul sal word en hierdie besondere roeping aanvaar het. Haar antwoord op God se vrye en genadige guns om haar vir die uitsonderlike diens te kies as moeder van Jesus, die Verlosser van die wêreld, wys dat sy God se roeping aanvaar in nederigheid, in geloof en gehoorsaamheid aan God. Volgens Lukas 1:38 het sy gesê: ‘Kyk, ek is die diensmeisie van die Here. Laat met my gebeur soos u gesê het.’

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)

